# Hoofstuk van die dag: Josua 15

*Aan die families in die stam Juda is deur loting 'n gebied toegeken wat suidwaarts gestrek het tot aan die verre*

> *suidekant van die Sinwoestyn teen die grens van Edom. (vers 1; vgl vers 20)*

Wat ons hier tussen al die geografiese grense en stadsname moet raaksien, is dat die gebied aan *die families* van die Juda-stam toegeken is. God sorg nie sommer so in die bolling nie. Hy sorg vir families en indiwidue.

Hier is 'n interessante stukkie geskiedenis van Kaleb en sy mense (vers 13-19). Dit is nie net ingesluit om ons te laat verstaan hoe 'n groot held Kaleb was nie, maar ook watter soort mens hy was: 'n familieman. Wat hy van die Here ontvang het, deel hy gul uit aan sy mense. So maak hy dat die Here se sorg konkrete gestalte kry vir elke lid van sy familie.

Dit is een van die beginsels waarop God se verbond werk. Sedert Abraham se dae werk God met families, en skenk Hy sy seën aan Abraham én sy nageslag. Prof Willie Jonker het hieroor gesê: "God se genade loop deur die bedding van die gesin." Soos Kaleb, het ek en jy hierin 'n roeping ontvang.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026